Hierby word, ingevolge subartikel (1) van artikel *sewentien* van die Opmetingswet, 1927 (Wet No. 9 van 1927), bekendgemaak dat ondergenoemde Kroongrondkaarte in die kantoor van die Landmeter-generaal, Pretoria, ter insae lê en dat die kaarte ingevolge die bepalings van subartikel (1) (*c*) van die genoemde Wet goedgekeur sal word indien geen skriftelike beswaar teen genoemde kaarte of teen 'n baken of grenslyn wat by die opmeting aangeneem is, voor of op 23 Oktober 1956 ontvang word nie.

Kaart No. *Diagram No.*	Beskrywing van Grond. *Description of Land.*	Ligging. *Situation.*	Distrik. *District.*	Grootte. *Area.*
4392/56.....	Die plaas/*The farm* Warm Patat No. 244	Voorheen Uitvalgrond tussen die plase Roodewal No. 13, Roodepoort No. 78, Distrik Groblersdal, en Avontuur No. 135, Distrik Middelburg/*Formerly "Uitvalgrond" between the farms Roodewal No. 13, Roodepoort No. 78, District of Groblersdal, and Avontuur No. 135, District of Middelburg*	Groblersdal....	16·2817 morg/*morgen.*

24–31–7–14

GENERAL NOTICES.

DEPARTMENT OF LANDS.

The following notice is published for general information.

M. W. WEDEPOHL,
Surveyor-General.

Office of the Surveyor-General,
Pretoria.

NOTICE No. 969 OF 1956.

CROWN LAND SURVEYS (TRANSVAAL).

Notice is hereby given, in terms of sub-section (1) of section *seventeen* of the Survey Act, 1927 (Act No. 9 of 1927), that the undermentioned diagrams of Crown Land are lying for inspection in the Office of the Surveyor-General, Pretoria, and that, if no objection in writing to the said diagrams or to any beacon or boundary adopted in the surveys, is received on or before the 23rd October, 1956, the diagrams will be approved under the provisions of sub-section (1) (*c*) of section *three* of the above-mentioned Act.

Kaart No. *Diagram No.*	Beskrywing van Grond. *Description of Land.*	Ligging. *Situation.*	Distrik. *District.*	Grootte. *Area.*
4392/56.....	Die plaas/*The farm* Warm Patat No. 244	Voorheen Uitvalgrond tussen die plase Roodewal No. 13, Roodepoort No. 78, Distrik Groblersdal, en Avontuur No. 135, Distrik Middelburg/*Formerly "Uitvalgrond" between the farms Roodewal No. 13, Roodepoort No. 78, District of Groblersdal, and Avontuur No. 135, District of Middelburg*	Groblersdal....	16·2817 morg/*morgen.*

24–31–7–14

KANTOOR TOT INVORDERING VAN STAATSVOORSKOTTE.

✱ KENNISGEWING No. 1030 VAN 1956.

KENNISGEWING VAN VERGADERING VAN SKULDEISERS KRAGTENS DIE BOERE-BYSTANDSWET, 1935 (WET No. 48 VAN 1935).

Hierby word bekendgemaak dat die Boere-Bystandsraad besluit het om, kragtens artikel *tien* van die Boere-Bystandswet, 1935, 'n vergadering van ondergenoemde applikante en hulle skuldeisers op die plek en datum hieronder genoem, te belê, ten einde hulle in staat te stel om hul vorderings teen hulle te bewys en 'n voorstel van die Raad te oorweeg.

G. A. J. DE JONG,
Sekretaris, Kantoor van Invordering van Staatsvoorskotte.

Insake Aansoek van. *Re Application by.*	Plek van Byeenkoms. *Place of Meeting.*	Datum en Tyd. *Date and Time.*
Anna Catharina Petronella Elizabeth van Huyssteen, Doornspruit, Pk./*P.O.* Foothills, Dist. Krugersdorp, Transvaal	Kantoor van die Magistraat/*Office of the Magistrate,* Bethal	30 Oktober 1956, om 10 vm./ 30*th October*, 1956, *at* 10 *a.m.*
Cornelius Hermanus Zacharias Booysen, Moedverloren, Pk./*P.O.* Leslie, Dist. Bethal, Transvaal	Kantoor van die Magistraat/*Office of the Magistrate,* Bethal	30 Oktober 1956, om 10 vm./ 30*th October*, 1956, *at* 10 *a.m.*
Coenraad Adolf Scholtz, Boschhoek No. 912, Posbus/ *P.O. Box* 26, Vaalwater, Dist. Waterberg, Transvaal	Kantoor van die Magistraat/*Office of the Magistrate,* Nylstroom	29 Oktober 1956, om 10 vm./ 29*th October*, 1956, *at* 10 *a.m.*

STATE ADVANCES RECOVERIES OFFICE.

✱ NOTICE No. 1030 OF 1956.

NOTICE OF MEETING OF CREDITORS UNDER THE FARMERS' ASSISTANCE ACT, 1935 (ACT No. 48 OF 1935).

Notice is hereby given that the Farmers' Assistance Board has resolved to call a meeting of the undermentioned applicants and their creditors to be held at the place and date mentioned in pursuance of section *ten* of the Farmers' Assistance Act, 1935, for the purpose of proving their claims against them and to consider a proposal by the Board.

G. A. J. DE JONG,
Secretary, State Advances Recoveries Office.

Insake Aansoek van. *Re Application by.*	Plek van Byeenkoms. *Place of Meeting.*	Datum en Tyd. *Date and Time.*
Anna Catharina Petronella Elizabeth van Huyssteen, Doornspruit, Pk./*P.O.* Foothills, Dist. Krugersdorp, Transvaal	Kantoor van die Magistraat/*Office of the Magistrate,* Bethal	30 Oktober 1956, om 10 vm./ 30*th October*, 1956, *at* 10 *a.m.*
Cornelius Hermanus Zacharias Booysen, Moedverloren, Pk./*P.O.* Leslie, Dist. Bethal, Transvaal	Kantoor van die Magistraat/*Office of the Magistrate,* Bethal	30 Oktober 1956, om 10 vm./ 30*th October*, 1956, *at* 10 *a.m.*
Coenraad Adolf Scholtz, Boschhoek No. 912, Posbus/ *P.O. Box* 26, Vaalwater, Dist. Waterberg, Transvaal	Kantoor van die Magistraat/*Office of the Magistrate,* Nylstroom	29 Oktober 1956, om 10 vm./ 29*th October*, 1956, *at* 10 *a.m.*

DIVERSE.

KENNISGEWING No. 1010 VAN 1956.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

Kantoor van die Mynkommissaris,
Bloemfontein.

AANSOEK OM DIE UITHOU VAN GROND AS 'N HANDELSTERREIN.

Hierby word bekendgemaak dat Andries Jacobus Naudé, die geregistreerde eienaar van die resterende gedeelte van die plaas Vlakplaats No. 125, distrik Welkom, myndistrik

MISCELLANEOUS.

NOTICE No. 1010 OF 1956.

DEPARTMENT OF MINES.

Office of the Mining Commissioner,
Bloemfontein.

APPLICATION FOR RESERVATION OF LAND AS A TRADING SITE.

Notice is hereby given that Andries Jacobus Naudé, the registered owner of the remaining extent of the farm Vlakplaats No. 125, District Welkom, Mining District and

en Provinsie Oranje-Vrystaat, ingevolge die bepalings van artikel *vier* van die Oranje-Vrystaatse Metaalmyn Wet, 1936 (Wet No. 13 van 1936), aansoek gedoen het om die uithou, as 'n handelsterrein kragtens artikel *ses* van die Wet, van 'n stuk geproklameerde grond, ongeveer 0·5 morg groot, wat op bogenoemde plaas geleë is en wat kragtens mynbrief deur St. Helena Gold Mines, Limited, gehou word.

Volledige besonderhede betreffende die terrein waarom aansoek gedoen word, kan verkry word uit 'n sketskaart, R.M.T. No. 20, wat die applikant by my ingelewer het.

Hierdie aansoek tesame met besware daarteen sal om 2-uur nm. op die 17de dag van Oktober 1956, in my kantoor, Kamer 101, Volkskasgebou, hoek van Aliwal- en Maitlandstraat, Bloemfontein, deur my oorweeg word.

Almal wat beswaar teen die uithou van gemelde grond as 'n handelsterrein wil aanteken, moet voor of op die 6de dag van Oktober 1956, besonderhede van hul besware skriftelik by my indien in my kantoor, Kamer 101, Volkskasgebou, hoek van Aliwal- en Maitlandstraat, Bloemfontein, en afskrifte van sodanige besware voor of op genoemde datum aan die aansoeker, Andries Jacobus Naudé, Prosperostraat 52, Welkom, beteken.

Gedateer te Bloemfontein, op hede die 20ste dag van Augustus 1956.

C. P. JOUBERT,
Mynkommissaris, O.V.S.

M.C.O. 21/1 38.

KENNISGEWING No. 1011 VAN 1956.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

Kantoor van die Mynkommissaris,
Bloemfontein.

AANSOEK OM DIE UITHOU VAN GROND AS 'N HANDELSTERREIN.

Hierby word bekendgemaak dat Odendaalsrus Gold, General Investments and Extensions Limited, die geregistreerde eienaar van Onderverdeling 2 van die plaas Kalkkuil No. 153, distrik Odendaalsrus, myndistrik en Provinsie Oranje-Vrystaat, ingevolge die bepalings van artikel *vier* van die Oranje-Vrystaatse Metaal-myn Wet, 1936 (Wet No. 13 van 1936), aansoek gedoen het om die uithou, as 'n handelsterrein kragtens artikel *ses* van die Wet, van 'n stuk geproklameerde grond, ongeveer 0·5 morg groot, wat op bogemelde plaas geleë is en wat kragtens mynbrief deur Freddies Consolidated Mines, Limited, gehou word.

Volledige besonderhede betreffende die terrein waarom aansoek gedoen word, kan verkry word uit 'n kaart, R.M.T. No. 24, wat die applikant by my ingelewer het.

Hierdie aansoek tesame met besware daarteen sal om 11 vm. op die sewentiende dag van Oktober 1956 deur my oorweeg word in my kantoor, Kamer 101, Volkskasgebou, hoek van Maitland- en Aliwalstraat, Bloemfontein.

Almal wat beswaar teen die uithou van gemelde grond as 'n handelsterrein wil aanteken, moet besonderhede van hul besware voor of op die sesde dag van Oktober 1956 skriftelik by my in my kantoor indien en afskrifte van sodanige besware voor of op genoemde datum aan die aansoeker, Kamer 30, Tweede Verdieping, Beresford House, Mainstraat, Johannesburg, beteken.

Gedateer te Bloemfontein op hede die sewentiende dag van Augustus 1956.

C. P. JOUBERT,
Mynkommissaris, O.V.S.

Province of the Orange Free State, has made application in terms of section *four* of the Orange Free State Metals Mining Act, 1936 (Act No. 13 of 1936), for the reservation in accordance with section *six* of the Act, of an area of proclaimed land held under mining title by St. Helena Gold Mines, Limited, in extent approximately 0·5 morgen, situate on the above-mentioned farm, as a trading site.

Full particulars of the area applied for may be obtained from a plan R.M.T. No. 20, lodged in this office by the applicant.

This application, together with any objections thereto, will be considered by me at my office, Room 101, Volkskas Building, corner of Maitland and Aliwal Streets, Bloemfontein, on the 17th October, 1956, at 2 p.m.

All persons having objections to the reservation of the ground in question as a trading site, are required to lodge particulars of their objections, in writing, with me at my office, Room 101, Volkskas Building, corner of Maitland and Aliwal Streets, Bloemfontein, and serve copies thereof on the applicant, Andries Jacobus Naudé, 52 Prospero Street, Welkom, on or before the 6th day of October, 1956.

Dated at Bloemfontein this 20th day of August, 1956.

C. P. JOUBERT,
Mining Commissioner, O.F.S.

M.C.O. 21/1 38.

NOTICE No. 1011 OF 1956.

DEPARTMENT OF MINES.

Office of the Mining Commissioner,
Bloemfontein.

APPLICATION FOR RESERVATION OF LAND AS A TRADING SITE.

Notice is hereby given that Odendaalsrus Gold, General Investments and Extensions, Limited, the registered owner of Sub-division 2 of the farm Kalkkuil No. 153, District Odendaalsrus, Mining District and Province of the Orange Free State, has made application in terms of section *four* of the Orange Free State Metals Mining Act, 1936 (Act No. 13 of 1936), for the reservation in accordance with section *six* of the Act, of an area of proclaimed land held under mining title by Freddies Consolidated Mines, Limited, in extent approximately 0·5 morgen, situate on the above-mentioned farm, as a trading site.

Full particulars of the area applied for may be obtained from a plan, R.M.T. No. 24, lodged in my office by the applicant.

This application together with any objections thereto will be considered by me at my office, Room 101, Volkskas Building, corner of Maitland and Aliwal Streets, Bloemfontein, on the seventeenth day of October, 1956, at 11 a.m.

All persons having objections to the reservation of the ground in question as a trading site, are required to lodge particulars of their objections, in writing, with me at my office, and serve copies thereof on the applicant, Room 30, Second Floor, Beresford House, Main Street, Johannesburg, on or before the sixth day of October, 1956.

Dated at Bloemfontein, this seventeenth day of August, 1956.

C. P. JOUBERT,
Mining Commissioner, O.F.S.

7-14-21-28

✻ KENNISGEWING No. 1025 VAN 1956.

KENNISGEWING VAN VERKLARING KRAGTENS ARTIKEL *AGT* VAN WET No. 28 VAN 1937.

Hierby word bekendgemaak dat Daniel Jacobus du Toit, 'n blanke man, van Dickensonlaan 12, Waverley, Pretoria, op 28 Julie 1956 kragtens artikel *agt* van Wet No. 28 van 1937 onbekwaam verklaar is om 'n vuurwapen vir 'n tydperk van drie (3) jaar met ingang van bovermelde datum te besit.

Gedateer te Pretoria, op hede die 29ste dag van Augustus 1956.

C. R. DE W. WESSELS,
Addisionele Magistraat.

✻ KENNISGEWING No. 1026 VAN 1956.

BESPROEIINGSRAAD VAN OLIFANTSNEK.—VERKIESING VAN LEDE.

Hierby word bekendgemaak dat by 'n openbare hofsitting wat op 21 Augustus 1956 te Rustenburg gehou is, die here J. A. Chorley en R. T. Penzhorn behoorlik tot lede van bogenoemde Raad genomineer is en aangesien daar geen ander nominasies was nie, is hulle behoorlik gekose verklaar vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

A. L. R. ASPELING,
Magistraat.

Magistraatskantoor,
Rustenburg, 21 Augustus 1956.

✻ KENNISGEWING No. 1027 VAN 1956.

BESPROEIINGSRAAD VAN LOERIE.—VERKIESING VAN LEDE.

Hierby word bekendgemaak dat mnre. J. W. J. van Wyk en D. J. van Wyk behoorlik tot lede van bogenoemde Raad gekies is. Mnre. J. W. J. van Wyk en D. J. van Wyk sal die amp beklee vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Staatskoerant*.

G. F. LAWRENCE,
Magistraat.

Port Elizabeth, 20 Augustus 1956.

✻ KENNISGEWING No. 1028 VAN 1956.

BANKWET, 1942.—VOORLOPIGE REGISTRASIE.

Ingevolge artikel *elf* (1) van die Bankwet, 1942, word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die Trans-Africa Credit Corporation, Limited, op 23 Augustus 1956, kragtens artikel *ses* van genoemde Wet voorlopig as 'n Deposito-nemende Instelling geregistreer is.

✻ KENNISGEWING No. 1029 VAN 1956.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

Ek, Daniel Johannes Geyser, Nywerheidsregistrateur, maak hierby ingevolge subartikel (4) van artikel *vier* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, bekend dat 'n aansoek om registrasie van die „ Metal Workers' Union (Non-European) ", waarvan besonderhede in onderstaande tabel voorkom, deur my ontvang is.

Enige geregistreerde vakvereniging wat besware teen die toestaan van sodanige registrasie het, word versoek om dié besware skriftelik binne een maand na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing aan my, per adres Departement van Arbeid, Laboriagebou, hoek van Paul Kruger- en Schoemanstraat, Pretoria, voor te lê.

✻ NOTICE No. 1025 OF 1956.

NOTICE OF DECLARATION IN TERMS OF SECTION *EIGHT* OF ACT No. 28 OF 1937.

Notice is hereby given that, in terms of section *eight* of Act No. 28 of 1937, Daniel Jacobus du Toit, a European male, of 12 Dickenson Avenue, Waverley, Pretoria, was on the 28th day of July, 1956, declared to be a person unfit to possess any firearm for a period of three (3) years calculated from the above-mentioned date.

Dated at Pretoria this 29th day of August, 1956.

C. R. DE W. WESSELS,
Additional Magistrate.

✻ NOTICE No. 1026 OF 1956.

OLIFANTSNEK IRRIGATION BOARD.—ELECTION OF MEMBERS.

Notice is hereby given that at a public court held at Rustenburg on the 21st August, 1956, Messrs. J. A. Chorley and R. T. Penzhorn were duly nominated as members of the above-mentioned Board and, there being no other nominations, were declared duly elected for a period of three years as from the date of publication of this notice.

A. L. R. ASPELING,
Magistrate.

Magistrate's Office,
Rustenburg, 21st August, 1956.

✻ NOTICE No. 1027 OF 1956.

LOERIE IRRIGATION BOARD.—ELECTION OF MEMBERS.

Notice is hereby given that Messrs. J. W. J. van Wyk and D. J. van Wyk have been duly elected members of the above-mentioned Board. Messrs. J. W. J. van Wyk and D. J. van Wyk will serve for a period of three years as from the date of publication of this notice in the *Government Gazette*.

G. F. LAWRENCE,
Magistrate.

Port Elizabeth, 20th August, 1956.

✻ NOTICE No. 1028 OF 1956.

BANKING ACT, 1942.—PROVISIONAL REGISTRATION.

In terms of section *eleven* (1) of the Banking Act, 1942, it is hereby notified for general information that the Trans-Africa Credit Corporation, Limited, was provisionally registered on the 23rd August, 1956, as a Deposit-receiving Institution, in terms of section *six* of that Act.

✻ NOTICE No. 1029 OF 1956.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

I, Daniel Johannes Geyser, Industrial Registrar, hereby give notice in terms of sub-section (4) of section *four* of the Industrial Conciliation Act, 1937, that application for the registration of the Metal Workers' Union (Non-European), particulars of which are given in the subjoined table, has been received by me.

Any registered trade union having objections to such registration, is hereby invited to submit such objections, in writing to me, care of Department of Labour, Laboria Building, corner of Paul Kruger and Schoeman Streets, Pretoria, within one month of the date of publication of this notice.

TABEL.

Naam van Vakvereniging	Metal Workers' Union (Non-European).
Datum van aansoek...	5 April 1956.
Belange ten opsigte waarvan registrasie verlang word	Kleurlingwerknemers in diens in die yster-, staal-, ingenieurs- en metaalnywerheid soos omskryf in die ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1138 van 3 Junie 1955 op die klasse van werk geklassifiseer teen Tariewe 8 tot en met 12 in die lyste vervat in Deel III van genoemde ooreenkoms.
Gebiede ten opsigte waarvan registrasie verlang word	Magistraatsdistrikte die Kaap, Wynberg en Bellville.
Adres van Applikant..	Posbus 4552, Kaapstad.

Van enige geregistreerde vakvereniging wat besware teen die toestaan van die aansoek indien, word hierby ingevolge subartikel (4) van artikel *vier* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, vereis om benewens ander gegewens wat hy ter stawing van sy besware verlang om voor te lê, onderstaande inligting skriftelik by my binne 'n tydperk van sewe dae na die datum van verstryking van genoemde tydperk van een maand, in te dien:—

(*a*) Die getal lede van die vakvereniging in diens op die klasse van werk in die nywerhede en die gebiede ten opsigte waarvan aansoek gedoen word, of in 'n afdeling van die nywerhede of gebiede ten opsigte waarvan beswaar ingedien word, op enige datum tussen die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en die verstryking van genoemde tydperk van sewe dae;

(*b*) die getal lede onder (*a*) wat ingevolge die vakvereniging se grondwet binne die voordele van lidmaatskap gestel was op die datum genoem in paragraaf (*a*);

(*c*) die getal lede onder (*a*) wat ingevolge die vakvereniging se grondwet buite die voordele van lidmaatskap gestel was op die datum in paragraaf (*a*) genoem; en

(*d*) die datum waarop besonderhede in paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) genoem, betrekking het.

D. J. GEYSER,
Nywerheidsregistrateur.

✱ KENNISGEWING No. 1031 VAN 1956.

TOEKENNING VAN STAATSGHWANO.

Hierby word bekendgemaak dat een toekenning van ghwano ten opsigte van die jaar 1957 gedoen sal word en dat aflewerings gedurende April of so spoedig moontlik daarna, na gelang van omstandighede, 'n aanvang sal neem.

Ghwano sal alleenlik vir die verbouing van groente toegeken word en aansoeke word gevolglik beperk tot *bona fide* boere in die Unie wat gedurende 1956 werklik aartappels, uie of ander groente verbou het, t.w. hulle moet geregistreerde eienaars of huurders van die grond onder verbouing wees en moet werklik met groente daarop boer. Slegs een aansoek sal ten opsigte van 'n bepaalde stuk bewerkte grond in aanmerking geneem word.

Aansoeke deur groenteboere om 'n toekenning van ghwano moet op die vorm H.N. 350 wat van die Superintendent, Staatsghwano-eilande, Van Riebeeckgebou, Loopstraat 14, Posbus 251, Kaapstad, verkrygbaar is, gedoen word en moet genoemde adres voor 12-uur middag op 31 Oktober 1956 bereik. Telegrafiese aansoeke om ghwano sal onder geen omstandighede oorweeg word nie.

Elke ingevulde aansoekvorm moet, voordat dit na bogenoemde adres gestuur word, deur die applikant voor 'n Vrederegter of Kommissaris van Ede geteken word wat weet of die verklaarder 'n *bona fide* groenteboer is en wat gevolglik in 'n posisie is om die verklaring onderaan die vorm in te vul.

Betaling vir ghwano sal nie aanvaar word voordat die toekenning gedoen en die rekening aan die applikant gestuur is nie. Die rekening moet dan nie later as 31 Augustus 1957 vereffen word nie; na hierdie datum sal geen toekenning waarvoor nog nie betaal is meer beskikbaar wees nie.

TABLE.

Name of Union.....	Metal Workers' Union (Non-European).
Date of application...	5th April, 1956.
Interests in respect of which registration is desired	Coloured employees employed in the iron, steel, engineering and metallurgical industries as defined in the agreement published under Government Notice No. 1138 of the 3rd June, 1955, on the classes of work classified at Rates 8 to 12 (inclusive) in the schedules contained in Part III of the said agreement.
Area in respect of which registration is desired	Magisterial Districts of The Cape, Wynberg and Bellville.
Address of Applicant..	P.O. Box 4552, Cape Town.

Any registered trade union submitting any objections to the granting of the application, is hereby required in terms of sub-section (4) of section *four* of the Industrial Conciliation Act, 1937, to submit to me, in writing, in addition to any other material which it may wish to advance in substantiation of its objections, the following information within a period of seven days from the date of expiration of the said period of one month:—

(*a*) The number of members of the union employed on the classes of work in the industries and areas applied for, or in any section of such industries or areas in respect of which objection is lodged, at any date between the date of publication of this notice and the expiry of the said period of seven days;

(*b*) the number of members under (*a*) who were in benefit in terms of the union's constitution as at the date mentioned in paragraph (*a*);

(*c*) the number of members under (*a*) who were out of benefit in terms of the union's constitution as at the date mentioned in paragraph (*a*); and

(*d*) the date to which the particulars referred to in paragraphs (*a*), (*b*) and (*c*) relate.

D. J. GEYSER,
Industrial Registrar.

✱ NOTICE No. 1031 OF 1956.

ALLOTMENT OF GOVERNMENT GUANO.

It is hereby notified that one allotment of guano will be made for the year 1957 and deliveries will commence in April or as soon thereafter as circumstances permit.

Guano will be allotted only for the cultivation of vegetables and applications are accordingly limited to bona fide farmers in the Union who actually cultivated potatoes, onions or other vegetables during 1956, i.e. they must be registered owners or lessees of the land under cultivation and actually carrying on vegetable farming operations thereon. One application only will be considered in respect of a particular area of cultivated land.

Applications by vegetable farmers for an allotment of guano must be made on the form C.I. 350 obtainable from the Superintendent, Government Guano Islands, Van Riebeeck House, 14 Loop Street, P.O. Box 251, Cape Town, and must reach that address before noon on the 31st October, 1956. Telegraphic applications for guano will in no circumstances be considered.

Before being submitted to the above address, every completed application form must be signed by the applicant before a Justice of the Peace or Commissioner of Oaths who knows whether the deponent is a bona fide vegetable farmer and who is therefore in a position to complete the declaration at the bottom of the form.

Payment will not be accepted for guano until the allotment has been made and the account rendered to the applicant. The account must then be paid not later than the 31st August, 1957, after which date any allotment not paid for will no longer be available.

Spoorvrag is betaalbaar deur die applikant aan wie die ghwano versend is. As die ghwano versend moet word na 'n spoorwegsylyn of 'n padmotordienshalte waarheen goedere nie „ spoorvrag verskuldig " gestuur kan word nie, sal die verskuldigde spoorvrag by die rekening ingesluit word en moet dit vooruitbetaal word. Onder geen omstandighede sal ghwano na 'n ander persoon as die applikant aan wie die toekenning gedoen is, gestuur of afgelewer word nie.

Alle navrae in verband met die toekenning van ghwano moet aan die Superintendent, Staatsghwano-eilande, na die adres in paragraaf drie gemeld, gerig word. Alle geposte aansoekvorms, briewe en poskaarte moet van die nodige posseëls voorsien wees. 543/7

14-21-28

✱ KENNISGEWING No. 1032 VAN 1956.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

Ek, Daniel Johannes Geyser, Nywerheidsregistrateur, maak hierby, kragtens subartikel (4) van artikel *vier* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, bekend dat 'n aansoek om registrasie van die „ Master Horsemeat Butchers' Association ", waarvan besonderhede in bygaande tabel voorkom, deur my ontvang is.

Enige geregistreerde werkgewersorganisasie wat besware teen die toestaan van so 'n registrasie het, word hierby versoek om sodanige besware skriftelik binne een maand na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing aan my per adres die Departement van Arbeid, Laboriagebou, hoek van Paul Kruger- en Schoemanstraat, Pretoria, voor te lê.

TABEL.

Naam van Werkgewers-organisasie	Master Horsemeat Butchers' Association
Datum van aansoek...	19 Julie 1956.
Belange ten opsigte waarvan aansoek gedoen word	Werkgewers verbonde aan die perdevleis-handel. „ Perdevleis-handel " beteken die groot- of kleinhandel in perdevleis, insluitende die handel in perdehare, -velle, -huide, -bene en ander byprodukte bykomstig by sodanige handel in perdevleis.
Gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word	Magistraatsdistrik Johannesburg.
Adres van applikant-werkgewersorganisasie	Posbus 67, Sandown, Johannesburg.

Van enige geregistreerde werkgewersorganisasie wat besware teen die toestaan van sodanige aansoek indien, word hierby ingevolge subartikel (4) van artikel *vier* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, vereis om benewens enige ander gegewens wat hy ter stawing van sy besware verlang om voor te lê, ondergemelde inligting skriftelik by my binne 'n tydperk van sewe dae na die verstryking van genoemde tydperk van een maand, in te dien:—

(*a*) Die getal lede van die organisasie in die handel en die gebied ten opsigte waarvan registrasie verlang word, of in 'n afdeling van die handel of gebied ten opsigte waarvan beswaar ingedien word, op enige datum tussen die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en die verstryking van genoemde tydperk van sewe dae;

(*b*) die getal lede onder (*a*) wat ingevolge die organisasie se grondwet binne die voordele van lidmaatskap gestel was op die datum genoem in paragraaf (*a*) hierbo en die getal persone by hulle in diens;

(*c*) die getal lede onder (*a*) wat ingevolge die organisasie se grondwet buite die voordele van lidmaatskap gestel was op die datum in paragraaf (*a*) hierbo genoem en die getal persone by hulle in diens; en

(*d*) die datum waarop die besonderhede in paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) genoem, betrekking het.

D. J. GEYSER,
Nywerheidsregistrateur.

Railage is payable by the applicant to whom the guano is consigned. If the guano is to be consigned to a railway siding or Road Motor Service halt, to which traffic may not be consigned " railage to pay ", the railage due will be indicated in the account and must be pre-paid. In no case will guano be consigned or delivered to any person other than the applicant to whom an allotment has been made.

All inquiries in connection with the allotment of guano must be addressed to the Superintendent at the address stated in the third paragraph above; postage must be pre-paid on all posted applications, letters or postcards.

✱ NOTICE No. 1032 OF 1956.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

I, Daniel Johannes Geyser, Industrial Registrar, hereby give notice in terms of sub-section (4) of section *four* of the Industrial Conciliation Act, 1937, that an application for registration of the Master Horsemeat Butchers' Association, particulars of which appear in the subjoined table, has been received by me.

Any registered employers' organisation having objections to such registration, is hereby invited to submit such objections, in writing, to me care of the Department of Labour, Laboria Building, corner of Paul Kruger and Schoeman Streets, Pretoria, within one month of the date of publication of this notice.

TABLE.

Name of Employers' Organisation	Master Horsemeat Butchers' Association.
Date of application....	19th July, 1956.
Interests in respect of which application is made	Employers engaged in the horsemeat trade. " Horsemeat trade " means the wholesale or retail trading in horsemeat, including trading in horses' hair, skins, hides, bones and other by-products incidental to such trading in horsemeat.
Area in respect of which application is made	Magisterial District of Johannesburg.
Address of applicant Employers' Organisation	P.O. Box 67, Sandown, Johannesburg.

Any registered employers' organisation submitting objections to the granting of the application, is hereby required in terms of sub-section (4) of section *four* of the Industrial Conciliation Act, 1937, to submit to me, in writing, in addition to any other material which it may wish to advance in substantiation of its objections, the following information within a period of seven days from the date of expiration of the said period of one month:—

(*a*) The number of members of the organisation in the trade and area in respect of which registration is desired, or in any section of such trade or area in respect of which objection is lodged, at any date between the date of publication of this notice and the expiry of the said period of seven days;

(*b*) the number of members under (*a*) who were in benefit in terms of the organisation's constitution as at the date mentioned in paragraph (*a*) above and the number of persons employed by them;

(*c*) the number of members under (*a*) who were out of benefit in terms of the organisation's constitution as at the date mentioned in paragraph (*a*) above and the number of persons employed by them; and

(*d*) the date to which the particulars referred to in paragraphs (*a*), (*b*) and (*c*) relate.

D. J. GEYSER,
Industrial Registrar.

✱ KENNISGEWING No. 1033 VAN 1956.

VERKIESING VAN LID.

BESPROEIINGSRAAD VAN BRITS.

Hierby word bekendgemaak dat die heer G. Brits (Junior) behoorlik tot lid van bogenoemde Raad gekies is met ingang van die datum hiervan tot en met 7 Oktober 1957.

G. M. R. BORCHERDS,
Magistraat.

Brits, 30 Augustus 1956.

✱ KENNISGEWING No. 1034 VAN 1956.

BESPROEIINGSRAAD VAN UMFULI.—DISTRIK LOWER UMFOLOZI.

Hierby word bekendgemaak dat ondergenoemde persone tot lede van bogemelde Raad gekies is vir 'n tydperk van onderskeidelik drie, twee en een jaar met ingang van die datum van publikasie hiervan:—

Mnr. J. J. Viljoen.
Mnr. A. T. Leisegang.
Mnr. H. Walsh.

G. I. NEL,
Magistraat.

Empangeni, 30 Augustus 1956.

✱ KENNISGEWING No. 1035 VAN 1956.

BESPROEIINGSRAAD VAN STRAUSSBURG.

Hierby word bekendgemaak dat mnre. I. J. de Villiers en P. K. Goosen vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van 18 September 1956 tot lede van bogemelde Raad herkies is.

J. C. JACKSON,
Magistraat, Gordonia, te Upington.

Upington, 27 Augustus 1956.

✱ KENNISGEWING No. 1036 VAN 1956.

WET OP MATEN EN GEWICHTEN, 1922.

Ingevolge artikel *vier-en-twintig* (1) van die Wet op Maten en Gewichten, 1922, gelees met regulasie 3 (1), deel I, van die regulasies wat kragtens die Wet uitgevaardig is, word hierby bekendgemaak dat alle persone in die magistraatsdistrikte Brandfort, Bultfontein, Hoopstad, Odendaalsrus, Ventersburg, Winburg, Senekal, Marquard, Wesselsbron, Welkom en Theunissen, wat weeg- of meetinstrumente, gewigte of mate in die handel gebruik, hierdie instrumente, gewigte of mate voor of op 8 Desember 1956 moet vertoon sodat hulle nagesien en geyk of heryk kan word.

'n Handelaar wie se perseel verder weg is as 12 myl van die naaste ykstasie wat in onderstaande lys vermeld word, kan al sy weeg- of meetinstrumente op sy perseel laat yk mits hy sonder versuim ooreenkomstig hierdie kennisgewing *skriftelik* daarom aansoek doen.

Iemand wat vaste meetinstrumente of weeginstrumente met 'n weegvermoë van meer as 600 lb. het, moet die Distriksyker, Posbus 312, Bloemfontein, of die polisiekantoor wat die naaste is aan die plekke wat in onderstaande lys genoem word, dadelik *skriftelik* in kennis stel van die plek waar sulke instrumente is sodat hulle, indien nodig, op die perseel geyk kan word.

In gevalle waar instrumente op die perseel van die handelaar geyk word, word ekstra gelde vir die diens gevorder.

Die yker sal teenwoordig wees op die plekke, datums en ure wat in onderstaande lys vermeld word.

F. E. ROWLAND,
Superintendent van Ykwese.

Pretoria, 31 Augustus 1956.

✱ NOTICE No. 1033 OF 1956.

ELECTION OF MEMBER.

BRITS IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given that Mr. G. Brits (Junior) has been duly elected a member of the above-mentioned Board with effect from date hereof until the 7th October, 1956.

G. M. R. BORCHERDS,
Magistrate.

Brits, 30th August, 1956.

✱ NOTICE No. 1034 OF 1956.

UMFULI IRRIGATION BOARD.—LOWER UMFOLOZI DISTRICT.

Notice is hereby given that the undermentioned persons have been elected members of the above-mentioned Board for a period of three years, two years and one year, respectively, as from the date of publication hereof:—

Mr. J. J. Viljoen.
Mr. A. T. Leisegang.
Mr. H. Walsh.

G. I. NEL,
Magistrate.

Empangeni, 30th August, 1956.

✱ NOTICE No. 1035 OF 1956.

STRAUSSBURG IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given that Messrs. I. J. de Villiers and P. K. Goosen have been re-elected members of the above-mentioned Board for a period of three years as from the 18th September, 1956.

J. C. JACKSON,
Magistrate, Gordonia, at Upington.

Upington, 27th August, 1956.

✱ NOTICE No. 1036 OF 1956.

WEIGHTS AND MEASURES ACT, 1922.

Notice is hereby given, in terms of section *twenty-four* (1) of the Weights and Measures Act, 1922, read with regulation 3 (1), Part I, of the regulations under the Act, that all persons in the Magisterial Ristricts of Brandfort, Bultfontein, Hoopstad, Odendaalsrus, Ventersburg, Winburg, Senekal, Marquard, Wesselsbron, Welkom and Theunissen, having weighing and measuring instruments, weights and measures in use in trade, are required to produce same in order that they may be examined and assized or re-assized on or before the 8th December, 1956.

Any trader whose premises are situated at a distance exceeding 12 miles from the nearest assize station shown on this Schedule, may have all his weighing and measuring instruments assized on his premises; provided application is made, *in writing*, without delay in accordance with this notice.

Persons having fixed measuring instruments, or weighing instruments, having a weighing capacity exceeding 600 lb., must forthwith notify, *in writing*, the District Assizer, P.O. Box 312, Bloemfontein, or the nearest Police Station to the places shown on this Schedule of the position thereof, in order that they may be assized on the premises, if required.

Where instruments are assized on traders' premises, additional charges are made for attendance.

The assize officer will be in attendance in accordance with the undermentioned Schedule.

F. E. ROWLAND,
Superintendent of Assize.

Pretoria, 31st August, 1956.

BYLAE.

Florisbad, J. A. Venter & Kie., van 10 vm. tot 12 middag, 1 Oktober 1956.
Soutpan, Polisiekantoor, van 10 vm. tot 12 middag, 2 Oktober 1956.
Brandfort, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 12 middag, 4 Oktober 1956.
Verkeerdevlei, Polisiekantoor, van 10 vm. tot 11 vm., 8 Oktober 1956.
Excelsior, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 11 vm., 9 Oktober 1956.
Winburg, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 12 middag, 16 Oktober 1956.
Senekal, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 12 middag, 18 Oktober 1956.
Paul Roux, Polisiekantoor, van 11 vm. tot 12 middag, 23 Oktober 1956.
Marquard, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 11 vm., 25 Oktober 1956.
Theunissen, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 12 middag, 1 November 1956.
Virginia, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 12 middag, 6 November 1956.
Ventersburg, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 11 vm., 8 November 1956.
Hennenman, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 3 nm., 13 November 1956.
Welkom, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 3 nm., 15 November 1956.
Odendaalsrus, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 3 nm., 20 November 1956.
Allanridge, Polisiekantoor, van 10 vm. tot 11 vm., 22 November 1956.
Wesselsbron, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 12 middag, 28 November 1956.
Bultfontein, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 12 middag, 4 Desember 1956.
Hoopstad, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 11 vm., 6 Desember 1956.

SCHEDULE.

Florisbad, J. A. Venter & Co., from 10 am to 12 noon, 1st October, 1956.
Soutpan, Police Station, from 10 a.m. to 12 noon, 2nd October, 1956.
Brandfort, Police Station, from 9 a.m. to 12 noon, 4th October, 1956.
Verkeerdevlei, Police Station, from 10 a.m. to 11 a.m., 8th October, 1956.
Excelsior, Police Station, from 9 a.m. to 11 a.m., 9th October, 1946.
Winburg, Police Station, from 9 a.m. to 12 noon, 16th October, 1956.
Senekal, Police Station, from 9 a.m. to 12 noon, 18th October, 1956.
Paul Roux, Police Station, from 11 a.m. to 12 noon, 23rd October, 1956.
Marquard, Police Station, from 9 a.m. to 11 a.m., 25th October, 1956.
Theunissen, Police Station, from 9 a.m. to 12 noon, 1st November, 1956.
Virginia, Police Station, from 9 a.m. to 12 noon, 6th November, 1956.
Ventersburg, Police Station, from 9 a.m. to 11 a.m., 8th November, 1956.
Hennenman, Police Station, from 9 a.m. to 3 pm., 13th November, 1956.
Welkom, Police Station, from 9 a.m. to 3 p.m., 15th November, 1956.
Odendaalsrus, Police Station, from 9 a.m. to 3 p.m., 20th November, 1956.
Allanridge, Police Station, from 10 a.m. to 11 a.m. 22nd November, 1956.
Wesselsbron, Police Station, from 9 a.m. to 12 noon, 28th November, 1956.
Bultfontein, Police Station, from 9 a.m. to 12 noon, 4th December, 1956.
Hoopstad, Police Station, from 9 a.m. to 11 a.m. 6th December, 1956.

✻ KENNISGEWING No. 1037 VAN 1956.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

KENNISGEWING VAN ONTEIENING.

Aan Winifred Ashworth Hall (oujongnooi) en Agnes Eveline Eedes (gebore Hall), getroud buite gemeenskap van goedere met Charles Philip Eedes.

Aangesien die verblyfplek van die bogenoemde persone onbekend is, word die volgende kennisgewing gepubliseer vir die inligting van diegene wat daarby belang het:—

Hierby word u in kennis gestel dat die Administrasie, soos omskryf in artikel *twee* van Wet no. 22 van 1916, kragtens die bevoegdheid verleen by artikel *drie* (*a*) van Wet No. 22 van 1916, of 'n wysiging daarvan, saamgelees met Wet no. 37 van 1955, sekere grond hierby onteien, groot ongeveer (1) 28,400 Kaapse vierkantvoet, en (2) 27,629 Kaapse vierkantvoet, synde gedeeltes van die restant van Vaalvalley *alias* De Hoek, geleë in die Afdeling Mosselbaai, Kaapprovinsie (hierna die onteinde eiendom genoem), soos breedvoeriger aangedui en omskryf op planne nos. (1) ODN.133.A.137/1, en (2) ODN.133.A.138/1, wat ter insae lê in die kantoor van die Hoofbestuurder, Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, Johannesburg.

Aangesien verstaan word dat u die eienaar van die onteiende eiendom is, word daar dienooreenkomstig hierby van u vereis om die bedrag (as daar is) te meld wat u as vergoeding eis vir sodanige eiendom, of vir enige skade wat na bewering as gevolg van die onteiening gely is. U word ook versoek om my in kennis te stel of daar benewens u 'n ander persoon/persone is wat 'n reg op of 'n belang in die onteiende eiendom het ten opsigte waarvan hy/hulle vergoeding eis of geregtig is om vergoeding te eis.

✻ NOTICE No. 1037 OF 1956.

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

NOTICE OF EXPROPRIATION.

To Winifred Ashworth Hall (spinster), Agnes Eveline Eedes (born Hall), married out of community of property to Charles Philip Eedes.

Owing to the whereabouts of the above-named persons being unknown, the following notice is published for the information of those it may concern:—

This is to notify you that by virtue of the powers conferred by section *three* (*a*) of Act No. 22 of 1916, or any amendment thereof, read in conjunction with Act No. 37 of 1955, the Administration as defined in section *two* of the said Act No. 22 of 1916, hereby expropriates certain land in extent approximately (1) 28,400 Cape square feet, and (2) 27,629 Cape square feet, being portions of the remaining extent of Vaalvalley *alias* De Hoek, situate in the Division of Mossel Bay, Cape Province (hereinafter referred to as the expropriated property), as more fully shown and described on Plans Nos. (1) ODN.133.A.137/1, and (2) ODN.133.A.138/1, lying for inspection in the office of the General Manager, South African Railways and Harbours, Johannesburg.

As it is understood that you are the owners of the expropriated property, you are accordingly hereby required to state the amount (if any) claimed as compensation for such property or for any damage alleged to have been sustained in consequence of the expropriation. You are also requested to inform me whether any person/s besides yourself has any right or interest in or to the expropriated property in respect of which he/they claim/s or might be entitled to claim compensation.

U word meegedeel dat indien die Administrasie besluit om die onteiende eiendom in naam van die Unieregering in sy Administrasie van Spoorweë en Hawens te laat registreer, dit gedoen sal word kragtens die bepalings van artikel *een-en-dertig* of *twee-en-dertig* van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, of indien die eiendom in die gebied van Suidwes-Afrika geleë is, kragtens die bepalings van artikel *een-en-dertig* of *twee-en-dertig* van die Registrasie van Aktes Proklamasie, 1939, of 'n wysiging van daardie wette.

U word ook meegedeel dat tensy die Administrasie of die Regering kragtens 'n wet of kontrak onthef word van die verpligting om vergoeding te betaal, ek bereid is om te onderhandel aangaande vergoeding wat ingevolge artikel *ses* van Wet no. 37 van 1955, deur die Administrasie betaalbaar mag wees vir of ten opsigte van die onteiende eiendom of vir skade wat na bewering as gevolg van die onteiening gely is.

U word versoek om onmiddellik 'n volledige antwoord op hierdie kennisgewing aan my te verstrek sodat die saak volgens wet behandel kan word.

Gedateer te Johannesburg, hierdie 20ste dag van Augustus 1956.

D. ROBBERTZE,
Adjunk-hoofbestuurder van die
Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens.

Verwysing: LXG.7/1/41.]

You are informed that if the Administration decides to have the expropriated property registered in the name of the Government of the Union in its Railways and Harbours Administration, this will be done under the provisions of section *thirty-one* or *thirty-two* of the Deeds Registries Act, 1937, or, if the property is situated in the Territory of South West Africa, under the provisions of section *thirty-one* or *thirty-two* of the Deeds Registry Proclamation, 1939, or any amendment of those laws.

You are also informed that unless the Administration or the Government is relieved of the obligation to pay compensation, I am willing to treat as to the compensation which in terms of section *six* of Act No. 37 of 1955, may be payable by the Administration for or in respect of the expropriated property or for any damage alleged to have been sustained in consequence of the expropriation thereof.

You are requested forthwith to furnish me with a full reply to this notice, so that the matter may be dealt with in accordance with the law.

Dated at Johannesburg, this 20th day of August, 1956.

D. M. ROBBERTZE,
Deputy General Manager of the
South African Railways and Harbours.

Reference: LXG.7/1/41.]

✱ KENNISGEWING No. 1038 VAN 1956.

Ingevolge artikel *dertien* (3) van die Bankwet, 1942, word onderstaande Maandelikse Opgawes per 31 Julie 1956, van Instellings wat kragtens vermelde Wet as Handelsbanke geregistreer is, vir algemene inligting gepubliseer.

✱ NOTICE No. 1038 OF 1956.

In terms of section *thirteen* (3) of the Banking Act, 1942, the following Monthly Returns as at 31st July, 1956, of Institutions registered as Commercial Banks under that Act, are published for general information.

	Barclays Bank D.C.O.	French Bank of Southern Africa, Limited.	Nederlandse Bank van Suid-Afrika, Beperk.	The South African Bank of Athens, Limited.	The Standard Bank of South Africa, Limited.	Die Stellenbossche Distriksbank, Beperk.	Volkskas, Beperk.	Totaal. Total.
Verpligtings teenoor die Publiek in die Unie. *Liabilities to the Public in the Union.*	£	£	£	£	£	£	£	£
Onmiddellik Opeisbare Verpligtings/*Demand Liabilities.*	160,089,237	891,029	16,318,449	501,509	143,870,667	860,724	36,447,888	358,979,503
Termynverpligtings/*Time Liabilities*	40,256,999	1,006,275	7,708,460	128,614	37,057,279	662,465	14,469,679	101,289,771
Totale Verpligtings teenoor die Publiek/*Total Liabilities to the Public*	200,346,236	1,897,304	24,026,909	630,123	180,927,946	1,523,189	50,917,567	460 269 274
Bate in die Unie. *Assets in the Union.*								
Pasmunt/*Subsidiary Coin*	1,002,189	1,611	109,174	2,645	816,306	3,436	139,324	2,074,685
Goudmunt en Staafgoud/*Gold Coin and Bullion*	94,742	—	—	—	34,947	—	—	129,689
Suid-Afrikaanse Reserwebanknote/*Notes of South African Reserve Bank*	6,962,473	27,467	617,033	19,206	6,480,521	34,860	1,230,734	15,372,29
Kreditsaldo in Suid-Afrikaanse Reserwebank/*Credit Balance in South African Reserve Bank*	18,276,583	281,677	2,558,248	63,221	17,809,763	125,000	4,275,010	43,389,502
Kreditsaldo in Nasionale Finansiekorporasie van Suid-Afrika/*Credit Balance in National Finance Corporation of South Africa*	750 000	700,000	1,250,000	—	4,500,000	100,000	1,500,000	8,800,000
Totale Kontantreserwes/*Total Cash Reserves*	27,085,987	1,010,755	4,534,455	85,072	29,641,537	263,296	7,145,068	69,766,170
Ander Likwiede Bate/*Other Liquid Assets*	74,444,395	10,558	4,675,125	118,012	58,104,012	319,713	14,325,387	151,997,202
Totale Likwiede Bate/*Total Liquid Assets*	101,530,382	1,021,313	9,209,580	203,084	87,745,549	583,009	21,470,455	221,763,372
Totale Lenings en Diskonterings/*Total Loans and Discounts*	112,564,252	2,890,713	19,206,439	480,059	106,443,547	1,118,274	31,762,764	274,466,048
Verhoudingsyfers. *Ratios.*	%	%	%	%	%	%	%	%
Reserweverhouding/*Reserve Ratio*	13·52	53·27	18·87	13·50	16·38	17·28	14·03	15·16
Likwiede Bateverhouding/*Liquid Asset Ratio*	50·68	53·83	38·33	32·23	48·50	38·27	42·17	48·18

✱ KENNISGEWING No. 1039 VAN 1956.

BESPROEIINGSRAAD VAN TZANEEN.

Hierby word bekendgemaak dat die heer C. K. Stanley behoorlik tot lid van bogenoemde Raad gekies is vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant*.

J. J. L. DE VILLIERS,
Landdros.

Tzaneen, 25 Augustus 1956.

✱ NOTICE No. 1039 OF 1956.

TZANEEN IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given that Mr. C. K. Stanley has been duly elected a member of the above-mentioned Board for a period of three years as from the date of publication hereof in the *Government Gazette*.

J. J. L. DE VILLIERS,
Landdrost.

Tzaneen, 25th August, 1956.

✱ NOTICE No. 1040 OF 1956.

BESPROEIINGSRAAD VAN BOSPOORT.—VERKIESING VAN LID.

Hierby word bekendgemaak dat Kennisgewing No. 940 van 1956 wat in die *Staatskoerant* van 17 Augustus 1956 verskyn het, en waarby aangekondig is dat 'n openbare hofsitting om 10 vm. op 19 September 1956, in die woning van mnr. Camphor te Rooiwal No. 751, gehou sal word om 'n lid te kies, hierby ingetrek word.

A. L. R. ASPELING,
Magistraat.

Rustenburg, 29 Augustus 1956.

✱ KENNISGEWING No. 1040 VAN 1956.

BOSPOORT IRRIGATION BOARD.—ELECTION OF MEMBER.

It is hereby notified that Notice No. 940 of 1956, appearing in the *Government Gazette* of the 17th August, 1956, and announcing that a public court will be held at the residence of Mr. Camphor, Rooiwal No. 751, on the 19th September, 1956, at 10 a.m., for the election of a member, is hereby cancelled.

A. L. R. ASPELING,
Magistrate.

Rustenburg, 29th August, 1956.

✱ KENNISGEWING No. 1041 VAN 1956.

RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE.

Ek, Francois Jean de Villiers, Voorsitter van die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, behoorlik deur Raadsbesluit daartoe gemagtig, verklaar hiermee, met goedkeuring van Sy Edele die Minister van Ekonomiese Sake en namens voormelde Raad, dat die merk hieronder afgebeeld die standaardmerk vir die aangegewe handelsartikel is.

✱ NOTICE No. 1041 OF 1956.

COUNCIL OF THE SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS.

I, Francois Jean de Villiers, Chairman of the Council of the South African Bureau of Standards, duly empowered hereby by Resolution of the Council, do hereby, with the approval of the Honourable the Minister of Economic Affairs and on behalf of the said Council, declare the mark illustrated below to be the standardization mark in respect of the commodities indicated.

Spes. No. *Spec. No.*	Handelsartikel. *Commodity.*	Bestek van spesifikasie. *Scope of Specification.*	Merk. *Mark.*	Raadsvergadering. *Council Meeting.*	
				No. *No.*	Datum. *Date.*
543–1956.	Brandslanghaspels / *Fire hose reels*	In hierdie spesifikasie word afmetings en kwaliteitsvereistes voorgeskryf vir haspels vir noodhulpbrandslange vir montering aan die muur/*The specification prescribes dimensional and quality requirements for first-aid wall-mounting fire hose reels*		110de *110th*	12/3/56
544–1956.	Koppelings, verbindingstukke, vertakkingspyp- en straalpypverbindings vir brandslange/ *Fire hose couplings, connectors, branch pipe and nozzle connections*	In hierdie spesifikasie word afmetings- en kwaliteitsvereistes voorgeskryf vir brandslangkoppelings vir die aansluiting van persslange/*The specification prescribed dimensional and quality requirements for fire hose delivery couplings*		110de *110th*	12/3/56
